# St. Paschal Baylon

## 17 Mei


© Die Oratorium Uitgewery

(1540-1592)

Gebore uit 'n kleinboer familie in Aragon (moderne Spanje) het hy die meeste van sy grootwordjare agter sy pa se skape in die veld deurgebring. Daar, omring deur die natuur en in stilte, is sy verhouding met God verdiep en uitgebou tot die belangrikste in sy lewe. Hy leer homself lees en skryf en tree as lekebroeder in by die Franciskane. Die res van sy lewe sou as hy die klooster se nederige deurwagter werk. Hy het 'n lewe van selfopgelegde opoffering gelei en 'n besonderse diep liefde vir die Allerheiligste Sakrament gekoester. Hy het letterlik ure in gebed voor die tabernakel deurgebring. Hy oorleef 'n baie gevaarlike reis na Frankryk waartydens hy geweier het om homself te vermom en sy Franciskaanse py woedende Calvinistiese skares op hom laat afstorm het en by twee geleenthede byna sy lewe gekos het. In 1897 het pous Leo XIII hom tot beskermheilige van Eucharistiese kongresse en verenigings uitgeroep.